



# AMETREX® 80 WG

Reg. no. L8113 Act/Wet 36 of/van 1947

A water dispersible granule herbicide for the control of annual broadleaf weeds and grasses, as listed, in sugarcane, bananas and pineapples.

'n Benatbare korrel onkruiddoder vir die beheer van eenjarige breëblaaronkruide en grassoorte, soos aangetoon, in suikerriet, piesangs en pynappels.

HRAC HERBICIDE GROUP CODE

C1

HRAC ONKRUIDDODERGROEPKODE

## ACTIVE INGREDIENT/AKTIEWE BESTANDDEEL

Ametryne (Triazine)..... 800 g/kg ..... Ametrien (Triasien)

## NET MASS/NETTO MASSA

..... kg

## REGISTRATION HOLDER/REGISTRASIEHOUER

ADAMA South Africa (Pty.) Ltd.

Reg. no. 1992/001741/07

21 Viben Street

7560 Brackenfell

T: +27 21 982 1460 F: +27 21 982 5810

infocpt@adama.com

**AMETREX® is the registered trademark of a company of the ADAMA GROUP.  
AMETREX® is die geregistreerde handelsmerk van 'n maatskappy van die ADAMA GROEP.**

## CONTACT IN EMERGENCY/KONTAK IN NOOD

Tygerberg Poison Information Centre: +27 861 555 777

Batch number

.....

Lotnommer

Date of Manufacture

.....

Datum van Vervaardiging

UN no.: 3077



**CAUTION  
VERSIGTIG**



## **WARNINGS**

- Handle with care.
- Irritating to eyes and skin.
- Poisonous when swallowed, inhaled or absorbed through the skin.
- Store away from food and feeds and keep out of reach of children and pets.
- **Re-entry:** Do not enter the treated area until the spray has dried off unless wearing protective clothing.

**Although this remedy has been extensively tested under a large variety of conditions, the registration holder does not warrant that it will be efficacious under all conditions because the action and effect thereof may be affected by factors such as abnormal soil, climatic and storage conditions; quality of dilution water; compatibility with other substances not indicated on the label and the occurrence of resistance of the weed against the remedy concerned as well as by the method, time and accuracy of application. The registration holder furthermore does not accept responsibility for damage to crops, vegetation, the environment or harm to humans or animals or for lack of performance of the remedy concerned due to failure of the user to follow the label instructions or to the occurrence of conditions which could not have been foreseen in terms of the registration. Consult the supplier or registration holder in the event of any uncertainty.**

## **PRECAUTIONS**

- Wear suitable protective clothing and gloves when handling the product.
- Avoid inhalation of spray mist and fumes.
- In case of skin contact wash with soap and water.
- Do not eat, drink or smoke while applying or preparing the spray mix, or before washing face and hands.
- Prevent spray drift onto other crops, grazing, rivers, dams and any area not under treatment.
- Prevent contamination of food, feeds, drinking water and eating utensils.
- Do not use near desirable plants or trees (e.g. wind breaks and ornamental trees alongside roads) or on areas where their roots may extend, or locations where the chemical may be washed or moved into contact with their roots.
- Do not use on soil where susceptible plants are to be grown in the foreseeable future.
- Thoroughly wash and rinse spray equipment after use and dispose of wash water where it will not contaminate crops, grazing, rivers and dams.

## **RESISTANCE WARNING**

For resistance management, **AMETREX® 80 WG** is classified as a group code **C1** herbicide. Any weed population may contain individuals naturally resistant to **AMETREX® 80 WG** and other group **C1** herbicides. The resistant individuals can eventually dominate the weed population if these herbicides are used repeatedly. The resistant weeds may not be controlled by **AMETREX® 80 WG** or any other group **C1** herbicide.

### To delay herbicide resistance:

- Avoid exclusive repeated use of herbicides from the same herbicide group. Alternate or tank mix with products from different herbicide groups.

- For tank mixing or alternation with products in other herbicide groups, refer to applicable product labels.
  - Integrate control methods (chemical, cultural and biological) into disease control programs.
- For specific information on resistance management contact the registration holder of this product.

## **WEEDS NORMALLY CONTROLLED BY AMETREX® 80 WG or AMETREX® 80 WG + MCPA (or 2,4-D)**

### **BROADLEAF WEEDS**

<b>Botanical name</b>	<b>Common name</b>
<i>Amaranthus spp</i>	Pigweed
<i>Bidens bipinnata</i>	Spanish blackjack
<i>Bidens pilosa</i>	Common Blackjack
<i>Chenopodium album</i>	White goosefoot
<i>Cleome monophylla</i>	Single-leaved Cleome
<i>Commelina benghalensis</i>	Bengal wandering Jew
<i>Conyza canadensis</i>	Horseweed fleabane
<i>Datura spp</i>	Thornapple
<i>Euphorbia chamaesyce</i>	Prostrate spurge
<i>Galinsoga parviflora</i>	Gallant Soldier
<i>Nicandra physaloides</i>	Apple of Peru
<i>Portulaca oleracea</i>	Common purslane
<i>Richardia brasiliensis</i>	Mexican Richardia
<i>Sida cordifolia</i>	Flannel weed
<i>Solanum nigrum</i>	Black nightshade
<i>Sonchus oleraceus</i>	Common sowthistle

**Note:** Broadleaf weeds should not be taller than 7.5 cm at the time of application.

### **GRASSES**

<b>Botanical name</b>	<b>Common name</b>
<i>Panicum schinzii</i>	Vlei Panicum/ Sweet buffalo grass
<i>Panicum maximum</i>	Guinea grass/ Common buffalo grass

<b>Botanical name</b>	<b>Common name</b>
<i>Panicum subalbidum</i>	Elbowgrass
<i>Echinochloa crus-galli</i>	Barnyard grass
<i>Eleusine coracana</i>	Goosegrass
<i>Digitaria sanguinalis</i>	Crab finger grass
<i>Setaria verticillata</i>	Bur bristle grass
<i>Setaria pallide-fusca</i>	Garden bristle grass
<i>Urochloa panicoides</i>	Garden urochloa

**Note:** Grasses should not be taller than 4 cm at the time of application. *Cyperus esculentus* (Yellow nutsedge) and *Cyperus rotundus* (Red nutsedge) will be suppressed by an application of **AMETREX® 80 WG**. If nutsedge forms an important part of the weed spectrum in sugarcane, a combination of **AMETREX® 80 WG** and **MCPA** or **2,4-D** is recommended (see sugarcane).

## DIRECTIONS FOR USE

### Use only as directed

#### Mixing

- Half-fill spray tank with water.
- Mix the required amount of **AMETREX® 80 WG** separately in water and then add to the spray tank. Top up with water.
- Keep the chemical in continuous suspension by means of agitation.
- After each day's spraying, flush tank out thoroughly with water.
- If **AMETREX® 80 WG** is used in combination with a hormone-type herbicide, first mix the **AMETREX® 80 WG** with water as indicated above, then add the **MCPA** or **2,4-D** to the tank.

#### Application

**AMETREX® 80 WG** can be applied with any high or medium volume sprayer fitted with an efficient agitation system. Calibrate spraying equipment accurately prior to application. Use fan or flood jet nozzles to ensure a uniform coverage. Use 200 to 400 L of water per hectare for overall application.

## APPLICATION RATES

### 1. Sugarcane

**AMETREX® 80 WG** may be applied at any development stage of the cane, but weeds must be actively growing and not larger than indicated.

WEEDS OR GRASSES	SOIL TYPES	AMETREX® 80 WG (kg/ha)
Mainly broadleaf weeds (less than 10 cm in height) and annual grasses (1-3 leaf stage)	All	5.0 kg + 0.2 % of a suitable non-ionic wetting agent
Mainly nutsedge ( <i>Cyperus esculentus</i> ) in the early flowering stage. Will also control broadleaf weeds.	All	1.9 kg + 3.5 L <b>MCPA</b> (400 g/L) or 3.0 L <b>2,4-D Amine</b> (480 g/L) + 0.2 % of a suitable non-ionic wetting agent

**Note:** The above treatment will control nutsedge which is fully emerged at the time of spraying for a period of 3-6 weeks. The broadleaf weeds listed above and grasses (see list) that are smaller than 4 cm will also be controlled. This treatment has a limited effect.

Sugarcane can be sprayed over the top, provided it has not developed beyond the five-leaf stage. Beyond this stage the spray must be directed below the cane leaves in such a way as to avoid contact with the leaves. Wherever possible preference should be given to a directed spray treatment.

A non-ionic surfactant should be added to the final spray mixture to increase the efficacy of the treatment.

If a mixture stands for any length of time, stir well before recommencing spraying.

### 2. Bananas

**AMETREX® 80 WG** can be applied during any developmental stage of the crop, but care should be taken to ensure that the product is not sprayed directly onto the banana plant. **AMETREX® 80 WG** should be applied in spring or in late summer to autumn onto actively growing weeds, but not larger than indicated above.

SOIL TYPE	AMETREX® 80 WG (kg/ha)
All	4.0 kg

### 3. Pineapples

**AMETREX® 80 WG** is recommended for use in mixed weed infestations, particularly where annual grass weeds are a problem. Apply as an early post-emergence for the control of weeds as indicated below.

CLAY %	AMETREX® 80 WG (kg/ha)
Under 20	5.0 kg
21–35	7.0 kg
Over 35	Not recommended

## WAARSKUWINGS

- Hanteer versigtig.
- Irriterend vir oë en vel.
- Giftig deur inname, inaseming of wanneer deur die vel geabsorbeer word.
- Bêre weg van voedsel en voer en hou buite bereik van kinders en troeteldiere.
- **Herbetreding:** Moet nie behandelde gebied binnegaan voordat die sputmengsel afgedroog het nie, tensy beskermende klere gedra word.

Alhoewel hierdie middel omvattend onder 'n groot verskeidenheid toestande getoets is, waarborg die registrasiehouer nie dat dit onder alle toestande doeltreffend sal wees nie aangesien die werking en effek daarvan beïnvloed kan word deur faktore soos abnormale grond-, klimaats- en bergingstoestande; kwaliteit van verdunningswater; verenigbaarheid met ander stowwe wat nie op die etiket aangedui is nie en die voorkoms van weerstand van onkruide teen die betrokke middel sowel as die metode, tyd en akkuraatheid van toediening. Verder aanvaar die registrasiehouer nie verantwoordelikheid vir skade aan gewasse, plantegroei, die omgewing of vir nadelige effek op mense en diere of vir 'n gebrek aan prestasie van die betrokke middel as gevolg van die versuim deur die gebruiker om etiketaanwysings na te kom of as gevolg van die ontstaan van toestande wat nie kragtens die registrasie voorsien kon word nie. Raadpleeg die verskaffer in geval van enige onsekerheid.

## VOORSORGMAATREËLS

- Dra beskermende klere en handskoene wanneer die produk hanteer word.
- Voorkom inaseming van sputmis en dampe.
- In geval van velkontak was met seep en water.
- Moenie eet, drink of rook tydens toediening of vermenging nie, of voordat gesig en hande gewas is nie.
- Voorkom oorwaai van sputnewel na ander gewasse, weiding, riviere, damme en enige ander gebied wat nie behandel word nie.
- Voorkom besoedeling van voedsel, voer, drinkwater en eetgerei.
- Moenie naby gewenste plante of bome (bv. windbreke en sierbome langs paaie) of grondoppervlakte waar hul wortels mag wees, of vanwaar die middel na hul wortels beweeg of gespoel word, gebruik nie.
- Moenie op grond, waar binne afsienbare tyd gevoelige plante geplant gaan word, gebruik nie.
- Was en spoel sputtoerusting deeglik na gebruik uit en gooi was- en spoelwater uit waar dit nie gewasse, weiding, riviere en damme sal besoedel nie.

## WEERSTANDSWAARSKUWING

Vir die doel van weerstandsbestuur word **AMETREX® 80 WG** as 'n groepkode **C1** onkruiddoder geklassifiseer. Enige populasie van 'n spesifieke onkruid mag individue insluit wat 'n natuurlike weerstand teen **AMETREX® 80 WG** of enige ander groepkode **C1** onkruiddoder het. Indien hierdie onkruiddoders herhaaldelik aangewend word, kan die weerstandbiedende individue uiteindelik die onkruidpopulasie oorheers. Hierdie weerstandbiedende onkruide sal waarskynlik nie deur **AMETREX® 80 WG** of enige ander groepkode **C1** onkruiddoder beheer word nie.

Om weerstand teen onkruiddoder te vertraag:

- Vermy die eksklusieve herhaalde gebruik van onkruiddoders met dieselfde groepkode. Wissel af met of gebruik tenkmengsels van produkte in verskillende onkruiddoder groepkodes.
- Raadpleeg toepaslike individuele produksetikette wanneer daar afgewissel word, of tenkmengsels gemaak word, met produkte in ander onkruiddoder groepkodes.
- Integreer ander beheermaatreëls (chemies, verbouing en biologies) in onkruiddoder programme.

Vir spesifieke inligting oor weerstandsbestuur kontak die registrasiehouer van hierdie produk.

**ONKRUIDE WAT NORMAALWEG DEUR AMETREX® 80 WG OF AMETREX® 80 WG + MCPA  
(OF 2,4-D) BEHEER WORD**

**BREËBLAARONKRUIDE**

<b>Botaniese naam</b>	<b>Gewone naam</b>
<i>Amaranthus spp</i>	Misbredie
<i>Bidens bipinnata</i>	Spaanse knapsekêrel
<i>Bidens pilosa</i>	Gewone knapsekêrel
<i>Chenopodium album</i>	Withondebossie
<i>Cleome monophylla</i>	Enkelblaar-Cleome
<i>Commelina benghalensis</i>	Bengaalse wandelende Jood
<i>Conyza canadensis</i>	Kanadese skraalhans
<i>Datura spp</i>	Stinkblaar
<i>Euphorbia chamaesyce</i>	Harige kruipmelkkruid
<i>Galinsoga parviflora</i>	Knopkruid
<i>Nicandra physaloides</i>	Basterappelliefie
<i>Portulaca oleracea</i>	Porslein
<i>Richardia brasiliensis</i>	Meksikaanse Richardia
<i>Sida cordifolia</i>	Hartblaartaaiman
<i>Solanum nigrum</i>	Nastergal
<i>Sonchus oleraceus</i>	Gewone sydissel

**Nota:** Breëblaaronkruide moet nie hoër as 7.5cm tydens toediening wees nie.

## GRASSE

Botaniese naam	Gewone naam
<i>Panicum schinzii</i>	Vleibuffelgras/ Soetbuffelsgras
<i>Panicum maximum</i>	Gewone Buffelgras
<i>Panicum subalbidum</i>	Elmbooggras
<i>Echinochloa crus-galli</i>	Hanepootmanna
<i>Eleusine coracana</i>	Jongosgras
<i>Digitaria sanguinalis</i>	Kruisvingergras
<i>Setaria verticillata</i>	Klits-Setaria
<i>Setaria pallide-fusca</i>	Tuin-Setaria
<i>Urochloa panicoides</i>	Tuin-Urochloa

**Nota:** Grasse moet nie hoër as 4 cm tydens toediening wees nie. *Cyperus esculentus* (Geeluintjie) en *Cyperus rotundus* (Rooiuintjie) sal onderdruk word deur 'n toediening van **AMETREX® 80 WG**. Indien uintjies deel van die onkruidspektrum in suikerriet uitmaak, word 'n kombinasie van **AMETREX® 80 WG** en **MCPA** of **2,4-D** aanbeveel (sien suikerriet).

## GEBRUIKSAANWYSINGS

### Gebruik slegs soos aangedui

#### Vermenging

- Maak die spuittenk halfvol met water.
- Vermeng die benodigde hoeveelheid **AMETREX® 80 WG** vooraf met water voor dit by die tenk gevoeg word. Vul die tenk verder met water.
- Hou die middel in die spuittenk voortdurend in suspensie deur roering.
- Aan die einde van die dag moet die spuittenk deeglik met water uitgespoel word.
- Wanneer **AMETREX® 80 WG** in kombinasie met 'n hormoontype onkruiddoder gebruik word, moet dit eers alleen, soos hierbo beskryf, vermeng word en daarna moet die **MCPA** of **2,4-D** bygevoeg word.

#### Toediening

**AMETREX® 80 WG** kan met enige hoë- of medium volume spuit toegerus met 'n doeltreffende roerstelsel toegedien word. Kalibreer spuittoerusting noukeurig voor toediening. Gebruik platwaaiers- of vloedstraalspuitpunte wat 'n eweredige bedekking gee. Vir algehele toediening gebruik 200–400 L spuitstof per hektaar.

## TOEDIENINGSHOEVEELHEDE

### 1. Suikerriet

**AMETREX® 80 WG** kan gedurende enige ontwikkelingstadium van suikerriet toegedien word, maar die onkruid moet aktief groei en nie groter wees as wat hierbo aangedui is nie.

ONKRUIDE OF GRASSE	GRONDTIPIES	AMETREX® 80 WG (kg/ha)
Hoofsaaklik breeblaaronkruide (minder as 10 cm in hoogte) en eenjarige grasse (1- tot 3-blaarstadium).	Alle	5.0 kg + 0.2 % van 'n gesikte nie-ioniese benattingsmiddel.
Hoofsaaklik uintjies ( <i>Cyperus esculentus</i> ) in die vroeë blomstadium. Sal ook breeblaaronkruide beheer.	Alle	1.9 kg + 3.5 L <b>MCPA</b> (400 g/L) of 3.0 L <b>2,4-D Amien</b> (480 g/L) + 0.2 % van 'n gesikte nie-ioniese benattingsmiddel

**Nota:** Uintjies wat tydens bespuiting reeds opgekom het, sal vir 'n periode van 3-6 weke deur laasgenoemde behandeling beheer word. Breeblaaronkruide sowel as eenjarige grasse (sien lys) wat nie hoër as 4 cm is nie, sal ook deur genoemde mengsel beheer word. Hierdie behandeling het slegs 'n kort nawerking.

**AMETREX® 80 WG** kan ook oor die suikerrietplante gespuit word mits dit nie verder as die vyfblaarstadium ontwikkel het nie. Indien die suikerriet verder as hierdie stadium ontwikkel het, moet die bespuiting so gerig word dat dit nie die suikerriet se blare benat nie. Waar moontlik word 'n gerigte sputdoening verbekers.

'n Nie-ioniese benattingsmiddel moet by die spuitmengsel gevoeg word om die effektiwiteit van die bespuiting te verbeter.

Indien die spuitmengsel vir 'n tyd stil gestaan het, moet dit deeglik geroer word voordat bespuiting hervat word.

### 2. Piesangs

**AMETREX® 80 WG** kan gedurende enige stadium van die piesangplante se ontwikkeling toegedien word mits die spuitstof nie direk op die piesangplante gespuit word nie. Dien **AMETREX® 80 WG** toe tydens lente of laat somer tot herfs op onkruid in die aktiewe groeistadium, maar wat nie groter as wat hier bo aangedui is nie.

GROND TIPE	AMETREX® 80 WG (kg/ha)
Alle	4.0 kg

### 3. Pynappels

**AMETREX® 80 WG** word aanbeveel vir gebruik waar gemengde onkruidsoorte voorkom en veral waar eenjarige grassoorte 'n probleem is. Dien toe as 'n vroeë na-opkomsbehandeling soos hier onder aangedui, vir die beheer van onkruid.

KLEI %	AMETREX® 80 WG (kg/ha)
Onder 20	5.0 kg
21–35	7.0 kg
Oor 35	Nie aanbeveel nie